Almal is welkom by die aandgesprek. Dit sal veral vir ons so lekker wees om die ouers daar te hê. Tieners vanaf graad 7 tot 10 is betrokke by die aandklas.
Die informele aandgeprek begin on 18:00 met samesang, gevolg deur 'n boodskap en daarna 'n gesprek oor die tema in die verskillende graadgroepe.
Ons behandel hierdie jaar interessante en aktuele temas uit Rick Warren se boek " Die Doelgerigte Lewe".

Jeug
NG KERK Waterkloof
Geloof Hoop Liefde

Die hoogtepunt van elke Sondagaand
Na die groepsbespreking is daar 'n kuiertydjie met ietsie te ete en te drinke.
Elke graad kry 'n beurt om eetgoedjies te verskaf.

André van Niekerk	Ronald van den Bergh	Justin Taylor	Ernst van Wyk	Harm Kelderman

FC du Toit	Cecile du Toit	Friedel van Zyl	Maryke Meter
			

KATEGETE
André, Harm, Friedel en Maryke is "ou hande' in die groepe en het daarom geen bekendstelling nodig nie. Dalk net 'n ietsie oor elk van die ander:
Ronald is 'n lektor in Griekse en antieke kultuurstudies by Tukkies. Hy was aan die begin van verlede jaar vir 'n kort rukkie betrokke by die tienerdienste en het daarna vir 'n paar maande in Duitsland studeer. Hy is 'n kranige fietsryer, leef baie gesond en het 'n groot liefde vir die Kalahari. Ons is baie bly om hom terug te hê by die naskool-groep.
Ernst, ons jeugwerker is 'n 5e jaar teologiestudent, by Tukkies. Hy is baie betrokke by jeugkampe, is deel van 'n "band" en is baie lief vir die natuur. Hy is aan stuur van die organisasie van die tienergroepe op Sondagaande.
Justin is tans ook besig met studies in Teologie en is daarby nog deeltyds werksaam in ander departemente by Tukkies.
Justin, Ernst en Ronald maak vir ons musiek en lei die sang in die aande.
FC en Cecile du Toit is jong gemeentelede wat hulle hulp aangebied het met jeugaksies. Ongelukkig vereis hulle onderskeie werke dat hulle dikwels uitstedig is. Daarom sal ons hulle graag inspan wanneer hulle beskikbaar is.

Tiener -klasindeling
Andre & Ronald - Belydenis + Graad 10
Ernst & Justin - Graad 9
FC ,Cecile & Harm – Graad 8
Friedel & Maryke – Graad 7

GROEPTEMAS (uit Die Doelgerigte Lewe – Rick Warren)

Datum	**Tema**	**Aanbieder**
22 Januarie	Alles begin by God	Ds Andre
29 Januarie	Jy is nie 'n glips nie	Ds Andre
5 Februarie	Wat motiveer jou? (AANDNAGMAAL)	Ds Andre
12 Februarie	Sien die lewe uit Godse oogpunt	Ds Andre
19 Februarie	Die rede vir alles	Ernst
26 Februarie	Vir God gemaak	Ernst
4 Maart	Wat laat God glimlag?	Justin
11 Maart	Die hart van aanbidding	Ds Andre
18 Maart	Word beste vriende met God	Ds Andre
25 Maart	Groei in vriednskap met God	Ernst
VAKANSIE		
15 April	Wanneer God ver voel	Ds Andre

AKTIWITEITE

'n Uitstappie na Maropeng word spesiaal vir die belydenisgroep gereel, maar alle belangstellendes is welkom. Die datum en verdere reëlings sal vroegtydig geadverteer word. Elke graadgroep van klein tot groot word aangemoedig om te beplan aan een of ander uitreik gedurende die jaar . Verdere uitstappies / 1-nag-oorslaapaksies word ook in die loop van die jaar beplan. Ons sal julle op datum hou en al die nodige terugvoer gee. Intusen sal ons voorstelle en idees vir vernuwing ,verandering en verfrissing uit alle gemeente-oorde opreg waardeer.

Skouersakkies vir Bybels is teen R 50 by die kerkantoor beskikbaar.

Maryke Meter
083 3766 941 • 012 48 22 483